BELLPARK
LAERSKOOL PRIMARY SCHOOL

GROEI • GROWTH

LAERSKOOL BELLPARK

SELFOONBELEID SOWEL AS "SMART WATCH" GEBRUIK
CELL PHONE POLICY AS WELL AS THE USE OF SMART WATCHES

Beleidsdokument aanvaar deur Skoolbestuur/Beheerliggaam op 2018 -03- 14
Policy document accepted by the School Management and the Governing Body on 2018 -03- 14 .....

Die Skoolbestuur asook die Beheerliggaam van die Laerskool Bellpark het in konsultasie met die personeel die volgende besluite geneem. Hierdie dokument word 'n interne beleidsdokument wat in die Prospektus en Gedragskode vervat sal word. Die onderwysers sal dit ook met hul leerders bespreek:

- Gedurende die amptelike skooldag – 07:45 tot 14:00 mag geen leerder se selfoon of "smart watch" (enige model of maak wat ook 'n opsporingsfunksie het) in enige onderriglokaal of tydens enige onderrigsituasie en tydens pouses aangeskakel wees nie. Indien 'n leerder dit sou doen, sal die betrokke opvoeder dit verwyder. Die selfoon of "smart watch" kan na 5 skooldae deur die ouer, aan die einde van die skooldag, by die kantoor afgehaal word. (Vir die tydperk wat die selfoon of "smart watch" afgeneem word sal dit vir veilige bewaring in die skoolkluis bewaar word.) Dit sal as 'n Graad 1-oortreding van die Gedragskode hanteer word.

- Indien 'n leerder tydens enige assesseringsperiode (eksamens; standaardtoetse ens.) sy/haar selfoon of "smart watch" sou gebruik, sal dit verwyder word en as 'n Graad 2-oortreding hanteer word. Die selfoon of "smart watch" kan aan die einde van die betrokke kwartaal deur die ouer by die kantoor afgehaal word.

- Indien leerders selfone of "smart watches" na die skool sou bring, kan die skool nie verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie. Dit word suiwer op die betrokke leerder se eie verantwoordelikheid na die skool gebring. So 'n selfoon of "smart watch" mag ook nie in 'n sak/houer aan die leerder se lyfband of in 'n broek –, reënbaadjie- of hempsak gedra word nie.

- Indien enige ouer/voog 'n dringende boodskap gedurende die amptelike skooldag aan die betrokke leerder moet deurgee, word dit op die gewone wyse gehanteer. Alle oproepe moet deur die kantoor geskied wat dan die betrokke leerder dien ooreenkomstig sal verwittig.

- Die skool kan ook nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige selfone of "smart watches" na die einde van die amptelike skooldag nie. (Verwys hier na die tydperk wat die leerders sport ens. beoefen.)

Hoekom glo ons selfone of "smart watches" behoort nie skool toe gebring te word nie:

1. Die skool beskik oor 'n openbare telefoon in die hoofgebou. Indien 'n kind dringend met 'n ouer moet kontak maak, kan dit deur die kantoor geskied.

2. Die veiligheidsaspek. Laerskool leerlinge is 'n maklike prooi vir kriminele elemente wat dit wil steel.

3. Finansiële implikasies vir die ouers. Om die gesteelde selfone of "smart watches" te vervang is baie duur. Die skool kan ook nie verantwoordelikheid aanvaar vir die selfone of "smart watches" nie.

4. Sien bogenoemde t.o.v. leerders wat selfone of "smart watches" gedurende onderrigtyd gebruik.

5. Veilige bewaring van selfone of "smart watches" by die skool. Logisties is dit nie moontlik om alle selfone of "smart watches" by die skool te bewaar en te bestuur nie.

Geteken te Bellpark op 2018 -03- 14 deur die Skoolhoof (as verteenwoordiger van die Skoolbestuur) en die Voorsitter van die Beheerliggaam.

.....
PW LOUW: SKOOLHOOF/HEADMASTER

.....
TH VAN ZYL
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM/CHAIRMAN: GOVERNING BODY

The Management Team as well as the Governing Body of Bellpark Primary School, in consultation with members of staff came to the following conclusions. This will be discussed with the pupils and also form part of the Prospectus and their Code of Conduct.

- During the official school day – 07:45 till 14:00 no pupil may switch on his/her cell phone or smart watch (any model or even those with a tracker function). Should this happen the cell phone or smart watch will be taken away and locked in the school safe . The phone or smart watch will have to be collected by the parent from the office after 5 school days. This will be treated as a Grade 1 offence of the code of Conduct.

- Should a pupil be caught with a switched on cell phone or smart watch during any assessement period, test, examination etc. it will be treated as a Grade 2 offence. The phone or smart watch will also be confiscated for the duration of the term. It can be collected by the parent from the office at the end of that period of time.

- If a pupil should bring a cell phone or smart watch to school we can not take responsibility for it.

- If any parent need to communicate urgent messages to their children, they need to contact the office. The secretaries will forward the message to the pupil concerned.

- The school can't be held responsible for any cell phones or smart watches after school hours (sport/matches etc.) .

<u>Reasons why we believe that a cell phone or smart watch is not necessary at school:</u>

1. The school has a public phone in the main building. The learner could contact the office if he/she needs to contact their parents urgently.

2. The safety aspect. Primary pupils are easy prey for those criminal elements that target young children to steal their cell phones or smart watches. If it becomes general knowledge that pupils at BELLPARK are not allowed cell phones or smart watches, we believe that our pupils will be safer from mugging etc.

3. Financial implications for the parents. Replacing stolen cell phones or smart watches is expensive. The school cannot be expected to look after the phones or smart watches for the pupils and cannot be held responsible if these phones or smart watches go missing.

4. Pupils using their phones or smart watches during teaching time. It has become quite problematic in some schools where pupils SMS each other during lessons and even pass on answers to each other during tests/examinations !!! There is also the concern surrounding Whatsapp.

5. Safe-keeping of cell phones or smart watches. If our pupils were allowed to have cell phones or smart watches at school, where would they be kept? Logistically it would be a nightmare for the school to manage.

Signed at Bellpark on 2018 -03- 14 by the Headmaster (as representative of School Management) and the chairman of the Governing Body.

.....
PW LOUW: SKOOLHOOF/HEADMASTER

.....
TH VAN ZYL
VOORSITTER: BESTUURSLIGGAAM/CHAIRMAN: GOVERNING BODY